5. SKEERDERS

5.1 Werks-ure

Wolprodusente moet plaas aktiwiteite so beplan dat die skeerspanne minimum ses ure per dag,ten minste vyf dae per week, kan skeer.

Indien dit reën, moet daar onderdak skuiling vir genoeg skape vir ten minste 'n volle dag se skeer wees. Werks-ure moet, waar moontlik, in twee uur skofte verdeel word.

5.2 Gepaste Fasiliteite

Slaapkwartiere

Voldoende goed beligte slaapgeriewe, nie in skeerstoor, met matrasse van minstens 10cm moet voorsien word, indien skeerders nie hul eie matrasse voorsien.

Ablusie geriewe

Voldoende lopende water, was -,stort -, en toiletgeriewe asook geriewe vir skeerders om klere te was is 'n vereiste. Warm water is nie 'n vereiste nie, maar voorsiening moet gemaak word vir skeerders om hul eie water warm te kan maak.

Kook fasiliteite

Onderdak kook fasiliteite, kombuisgereedskap en genoeg vuurhout vir kook moet voorsien word, indien skeerders self hul kos voorberei.

Skeer- en Wolhanteringsfasiliteite

Onderdak fasiliteite moet voorsien word vir genoeg skape vir minstens een dag se skeer, ingeval van reën. Indien moontlik, moet individuele vang- en inspeksiehokke vir elke skeerder voorsien word en produsente moet afstand tussen vanghokke en skeerpunte tot nie meer as vyf meter beperk. Hout skeervloere, dit kan 'n gelamineerde houtblad wees, word aanbeveel. Voldoende beligting en vars lug is 'n vereiste. Die afstand tussen die skeerder en wolsorteer tafel moet verkieslik nie vyf meter oorskry nie. Die afstand tussen die sorteertafel en die wol"bin" moet verkieslik nie vyf meter oorskry nie.

Maaltye

Skeer is 'n baie veeleisende, fisiese werk en om produktiwiteit te verhoog, moet die volgende rantsoene **of voedsel met soortgelyke voedingswaarde** per skeerder per agt uur werkdag voorsien word: 300 gram vleis, 800 gram mieliemeel of 1kg boer meel, 1 Liter melk en tee en koffie en ten minste een koppie suiker per dag per skeerder.